

Diverse groepe in een gemeente

JOHAN PIETERS

As gelowiges word ons uitgenooi om deel te wees (Bonnhoeffer, 1952:21) van 'n unieke geloofs-gemeenskap met God en mekaar. Kleingroepe is 'n belangrike punt vir die deelname aan en verdieping van hierdie gemeenskap.

Kan ons - behalwe vir die gewone soorte kleingroepe soos selgroepe, omgegroepe en selgemeentes - ook ander groepe soos taakgroepe, diensgroepe en kommissies begelei, om punte vir deelname aan en verdieping van gemeenskap word?

'n Kleingroep is 4-16 persone wat op die basis van 'n **gedeelde geloof** ooreengekom het om die moontlikheid van **diens en groei** in Christus saam te ondersoek, terwyl hulle **vir mekaar sorg en verantwoordelikheid aanvaar**. David Stark en Pat Keifert identifiseer vier soorte groepe:

- **Werksgroepe of Diensgroepe** is taakgeoriënteerde groepe.
- **Behoeftige-gerigte groepe** lê iewers tussen voorkomende of groei-groepe en terapeutiese groepe.
- **Studiegroepe** is kennis òf inhoud-georiënteerde groepe.
- **Verhoudingsgroepe** fokus op die onderlinge verhoudinge en groei van groeplede. Tipiese verhoudingsgroepe is omgegroepe, groeigroepe, selgroepe en selgemeentes.

1. WAT LEDE VAN GROEPE VERWAG EN WAT GROEPE LAAT WERK

Robert Wuthnow (1994:138 ev.) tref 'n onderskeid tussen dit wat groepe laat werk en dit wat lede van groepe as belangrik en deurslaggewend beskou om effektief te wees.

Dit wat groeplede as *belangrik* beskou, hou verband met verhoudinge. Dit sluit in aspekte soos gasvryheid, vertrouwe en respek, relevansie en deelname.

Dit wat volgens groeplede groepe *effektief* maak, hou interessant genoeg verband met organisasie of struktuur. Dit sluit aspekte in soos: 'n leier,

duidelikheid oor hulle doel, agenda of liturgie, rolholderheid, en 'n gereelde "business meeting".

2. WAARNA MOET 'N GEMEENTE KYK OM GROEPE TE HELP?

Ek meen daar is 4 aspekte vir die strukturering van 'n kleingroep-netwerk (ook Icenogle, 1994:92 ev.).

- 'n Omgewing van bemagtiging.
- Visie-vorming.
- Leierskap.
- Organisasie

2.1 'N OMGEWING VAN BEMAGTIGING

'n Omgewing van bemagtiging wat diversiteit respekteer, bestaan waar die gemeente 'n styl van en deelname aan koinonia bevorder. Dit word ondersteun met mandate aan leiers, riglyne vir koinonia verdieping, inligting en aanspreeklikheid.

2.2 VISIE

Kleingroepe moet gehelp word om hulle visie te verstaan as die snypunt tussen veral twee werklikhede, nl. die behoeftes van die groep (vgl. Wuthnow) en die Bybelverhaal as 'n verhaal van gemeenskap tussen God-mens-medemens.

Die skeppingsverhaal vertel van God wat 'n ruimte vir lewe maak. Hy kies dan om in gemeenskap met die mens en sy medemens, wat in hierdie ruimte woon, te bestaan. Die God-mens-medemens gemeenskap is 'n verhouding wat lewe gee. Die lewe van Jesus is seker die mees aangrypende uitspeel van hierdie gemeenskap. Wanneer Jesus uitroep: "My God, my God, waarom het U my verlaat?" is dit tegelykertyd die diepste donkerte van lewe in gemeenskap met God en medemens, en die helderste hoop daarvoor.

Die manier waarop groepe dus Bybellees en bid, asook die rol van die leier in dié verband is kri-

ties belangrik. Donahue en Robinson (2002:162) identifiseer die volgende aspekte wat 'n span of groep 'n punt van gemeenskap maak. Almal hou verband met die rol van leier wat 'n herder, eerder as organiseerder, is:

- Verhoudinge wat direk en persoonlik is.
- Versorging.
- Elke groeplid het spesifieke groei areas waarop gefokus word.
- Gewilligheid om gemeenskap uit te brei.

2.3 LEIERSKAP

Groepe (en netwerke) wat meen hulle kan sonder 'n leier klaar kom, verarm hulleself. Dieselfde geld vir groepe met 'n leier wat bloot 'n organiseerder is. Die gemeente en die groep moet die leier bemagtig om 'n reisgenoot vir die groep-as-geheel en die lede te wees (vgl. Webb, asook Donahue en Robinson se werk).

Die groepleier is dus 'n herder en nie 'n skaapwagter nie. Die tabel (Fisher 1999) gee 'n aanduiding van die fokus van die leier as herder.

	SKAAP-WAGTER	HERDER
Tegniek	Bestuur	Ontwikkel
Werksfokus	Die trop	Die omgewing
Posisie	Agter die trop	Voor die trop
Doel	Beweeg skape	Skep herders
Metode	Blaf en byt	Maak 'n pad
Gevolg	Skep afhanklikheid	Skep selfstandigheid

2.4 ORGANISASIE

Waarskynlik a.g.v. die klem op verhoudings is ons geneig om te laat aandag te gee aan die organisasie van kleingroep-netwerke of bediening. Waar organisasie ontbreek, ontbreek noodsaaklike meganismes wat noodsaaklik is vir die groei van die groep-as-geheel en die lede van die groepe as individue. Dit sluit meganismes vir geestelike begeleiding soos waardevorming, aanspreeklikheid, en konflikhantering in.

Om netwerke tussen groepe te bou, is meer in lyn met die aard van die geloofsgemeenskap en kleingroepe.

Netwerke maak meer ruimte vir diensgroepe binne die struktuur om ook aan hulleself as 'n

geloofsgemeenskap te dink. Dit bevorder ook die ontwikkeling van bronne binne die netwerk (groepleiers met ervaring van aanbidding, vermenigvuldiging of dienswerk kan bronpersone vir ander groepe word) en inisiatief van groepe t.w.v. die groter netwerk. Die risiko van netwerkstrukture is egter dat rolspelers hul mandaat oortree of onafhanklik begin oortree.

Die versoeking van enige struktuur is die versoeking tot mag. Om te bemagtig beteken dat jy mag weggee of deel en dit kan bedreigend wees. Dit is daarom belangrik dat die leraars en leiers binne die netwerk ook "spiritual directors" (teenoor 'n bestuurder) moet wees.

3. KAN GEMEENTES 'N VERSKEIDENHEID SOORTE GROEPE HANTEER?

Ek meen die antwoord is ja. Die geheim lê in 'n soort leierskap wat groepe kan bemagtig: 'n visie wat glo dat elke groep se God-mens-medemens verhouding uniek is, 'n soort leierskap wat saam wil reis eerder as om te versamel en 'n organisasie wat vriendelik en uitnodigend is, eerder as een wat uit vrees vir verrassings oor gereglementeerd geraak het.

4. ENKELE BRONNE

Bonnhoeffer, Dietrich 1952 *Leven met elkander*. Boekencentrum, S-Gravenhage.

Donahue, Bill & Ross Robinson 2001 *Building Churches of small groups*. Zondervan Publishing House.

Donahue, Bill & Ross Robinson 2002 *The Seven Deadly sins of Small Group Ministry*. Zondervan Publishing House.

Fisher, K. 1993 *Leading Self-Directed Work Teams - A Guide to Developing New Team Leadership Skills*. McGraw-Hill Inc: New York.

Icenogle, Gareth W. 1994 *Biblical foundations for small group ministry*. Downers Grove: Illinois.

Stark, David & Patrick Keifert 1994 *7 Steps to a Successful Small Group Ministry*. Church Innovations Publishing: Minneapolis/St. Paul, Minnesota.

Webb, Heather 2005 *Small Group Leadership as spiritual direction*. Zondervan: Grand Rapids.

Wuthnow, Robert 1994 *Sharing the journey*. Free Press: New York.